


BROMMERAANVALLE IN SKAPE

Dr Chris van Dijk (Zoetis)

Die groenbrommer (*Lucilia cuprina*) is verantwoordelik vir tot 90% van alle brommeraanvalle in skape. Die groenbrommer verskil baie van ander brommers in die sin dat die grootste gedeelte van die lewenssiklus op lewendige skape plaasvind. Meeste van die ander brommers se lewenssiklus vind gewoonlik op of naby karkasse plaas.



Brommeraanvalle vind gewoonlik gedurende warm nat tye van die jaar plaas. So min as 7-10 brommers per hektaar kan meer as genoeg skade aanrig indien skape teenwoordig is. Skaap brommers kan nie eiers lê alvorens hulle 'n proteïen maaltyd gehad het nie. Na hierdie maaltyd (gewoonlik vanaf mis of 'n karkas) sal die vlieë paar en tot 200 eiers word op 'n slag gelê. Volwasse skaapbrommers kan vir meer as 'n maand leef en in hierdie maand kan hulle 2-3 keer eiers lê. Onder ideale omstandighede sal maaiers binne 12 uur uitbroei en ten volle gevoed en gereed wees om af te val, 4 dae nadat hulle uitgebroei het. Sodra die maaiers afval kruip hulle in die boonste lagie van die grond of mis in krale en verander na 'n papie. Vanuit hierdie papie sal die volgende volwasse brommer weer uitbroei (Verwys na lewensiklus hierbo). Onder ideale omstandighede mag hierdie totale siklus in 12 dae voltooi word.

HOEKOM IS 'N SKAAP VATBAAR VIR BROMMERAANVALLE?

'n Skaap se vatbaarheid vir brommeraanvalle word primêr bepaal deur die hoeveelheid vog in die wol. Skape wat tot op die vel nat word ontwikkel baie maklik vagvrot. Vagvrot ontstaan as gevolg van 'n inflammasie reaksie op die vel met 'n afskeiding van serum. Brommers word hierdeur aangetrek na die skaap en die hele bouse kringloop begin dan as die brommer eiers op die skaap begin lê.

Klontwol, 'n toestand wat deur 'n bakterieë in die vel veroorsaak word skep ook die ideale omgewing vir die brommers om eiers te lê. Die maaiers broei uit in die klontwol, voed en penetreer dan dieper in die vel in. Brommers word ook aangetrek na wol wat met uriene en loperige mis besmeer is. Laasgenoemde word baie keer geassosieer met interne parasiete soos haarwurm.

Wonde (skeer en ander wonde), vrotpootjie en oë wat traan is ook baie aantreklik vir die brommers. In alle gevalle is vog egter die gemeenskaplike faktor wat brommeraanvalle vooraf gaan.



LUCILIA CUPRINA (DIE GROENBROMMER)

VOORKOMING VAN BROMMERAANVALLE

Daar is verskeie metodes om brommeraanvalle tot 'n minimum te beperk. Geeneen van hierdie metodes behoort egter lokaal gesien te word nie.

1. Verbeter die konformasie van die skape deur korrektiewe teling – geplooid skape is meer geneig om deur brommers aangeval te word. Hierdie is egter 'n langtermynprojek.
2. Moenie sterte van lammers te kort afsny nie – die gebied rondom die anus en vulva is baie droër in skape met die korrekte lengte stert.
3. Inwendige parasiete wat maagwerk kan veroorsaak moet voortydig behandel word. Voorkomende gebruik van dipmiddels en endektosiede geregistreer teen bosluise wat die vel kan beskadig sal ook help in die voorkoming van brommeraanvalle. Kontak u veearts vir 'n aanbeveling vir die beste middels om te gebruik.